

## *Cullen tomentosum*

E: Stink clover, wild lucerne

A: Blouklawer

D: Honigklee, wilde Luzerne

H: Etopia

Hierdie aromatiese meerjarige kruid, kan struikagtig groei of as plat grondranker, waar dit matvormig kan uitbrei. Dit groei graag teen paaie/strate. Die blare is driedelig, blougrys-groen, somtyds met 'n wit haarkleed bedek. Slegs een saadjie sit in 'n peultjie. Die bloeisels is klein, pers, soms ook pienk.







Wanneer dit baie reën, is daar enkele redelik groot blare, later word nog net **baie** klein blaartjies gevorm (sien foto: links blare in April afgeneem, regs einde Junie)

Die plant word by inboorlinge gebruik om melkproduksie by jong moeders aan te help, maar gedroogde blare word ook gerook; dit het 'n bedwelmende uitwerking.

Inligtingsbronne: Wildflowers of the Central Highlands of Namibia (Coleen Mannheimer)
Heil-, Gift- und Essbare Pflanzen in Namibia (Eberhard von Koenen),
https://www.kyffhauser.com/Plants3/Cullen_tomentosum/Index.htm

Teks en fotos: Anka Eichhoff

Junie 2021